

# ECOTIZER

Act No. 36 of 1947 / Wet Nr. 36 van 1947  
SA Reg. No. L11446

**READ ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE  
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

**GROUP**

**BM 01**

**FUNGICIDE**

**PRODUCT INFO:**

An emulsifiable concentrate contact fungicide for post-harvest treatment of citrus fruit. This fungicide controls water-borne sour rot and helps to suppress *Penicillium* decay.

**PRODUK INFO:**

'n Emulgeerbare konsentraat kontak swamdoder vir na-oes behandeling van sitrusvrugte. Hierdie swamdoder beheer watergedraagde suurvrot en help met die onderdrukking van *Penicillium* bederf.



**DANGER**

**HAZARD STATEMENTS:**

May be fatal if swallowed and enters airways.  
May cause an allergic skin reaction.  
Cause serious eye irritation.

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**

Wear protective gloves, protective clothing, eye and face protection.  
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.

## Active Ingredient / Aktiewe Bestanddeel

**Clove oil (Eugenol)**

**100 g/ℓ**

**Naeltjie olie (Eugenol)**

**Net (ℓ) SEE CONTAINER**

Registration Holder / Registrasiehouer



ICA International Chemicals (Pty) Ltd. • Reg. No. 2001/013319/07  
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • STELLENBOSCH • 7600 • SOUTH AFRICA  
Tel. +27-21 886 9812 • [www.icaonline.co.za](http://www.icaonline.co.za)



What is  
GHS?

**Batch No.**  
**Date of Manufacture**  
**Expiry Date**

**SEE**  
**CONTAINER**

**Lot Nr.**  
**Datum van Vervaardiging**  
**Vervaldatum**

In case of poisoning, call the following number: Human Poison Helpline +27-861 555 777  
Emergency Number: Griffon Poison Information Centre +27-82 446 8946

UN No. / VN Nr. None Allocated

SA-ECO-001

# EcoTizer

Act No. 36 of 1947  
SA Reg. No. L11446

**An emulsifiable concentrate contact fungicide for post-harvest treatment of citrus fruit. This fungicide controls water-borne sour rot and helps to suppress *Penicillium* decay.**

## ACTIVE INGREDIENT:

Clove oil (Eugenol) ..... 100 g/ℓ

## REGISTERED BY:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. No. 2001/013319/07  
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • Stellenbosch • 7600 • South Africa  
Tel. +27-21 886-9812 • www.icaonline.co.za

## WARNINGS

May be fatal if swallowed and enters airways  
May cause an allergic skin reaction  
Cause serious eye irritation

**WITHHOLDING PERIODS** (Minimum number of days between last application and harvest/consumption):

▶ Citrus ..... 0 days

Compliance with these withholding periods and application methods will ensure that residues do not exceed local maximum residue limits (MRL) but may not meet the import requirements of other countries. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, MRL and recommended waiting periods. Although **EcoTizer** is regarded as crop-safe on most of the important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might be available in future. **EcoTizer** must be tested on new cultivars prior to usage over big areas.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man/animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

## PRECAUTIONS

### Not for internal use.

If medical advice is needed, have product container or label at hand.  
Avoid breathing mist/vapours/spray.  
Contaminated work clothing should not be allowed out of the workplace.  
Wear protective gloves, protective clothing, eye and face protection.  
Wash hands and face thoroughly after handling. Do not touch eyes.  
IF SWALLOWED: Get emergency medical help immediately.  
IF ON SKIN: Wash with plenty of soap and water.  
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing.  
For specific treatment, see first aid measures on this label.  
Do NOT induce vomiting.  
If skin irritation or rash occurs: Get medical help.  
If eye irritation persists: Get medical help.  
Take off contaminated clothing and wash it before reuse.  
Store locked up.  
Dispose of contents and container in accordance with national regulations.

**TRIPLE RINSE THE EMPTY CONTAINER AS FOLLOWS:** Invert the empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds until the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the empty container three times in succession with one quarter of the container volume with fresh water and decant the rinsate into the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler ([www.croplife.co.za](http://www.croplife.co.za)). Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.

## RELEVANT SUBSTANCES:

Clove oil (Cas no: 8000-34-8) Flammable Liquid Category 3, H226; Aspiration Toxicity Category 1, H304; Skin Sensitization Category 1, H317; Eye Irritation Category 2, H319 (10 % w/v).  
Potassium sorbate (Cas no: 24634-61-5) Eye Irritation Category 2, H319 (40 – 55 % w/v).

## FIRST AID TREATMENT

**In case of accident or if you feel unwell seek medical advice immediately and show this LABEL where possible**

<b>INHALATION:</b>	Remove the victim from immediate source of exposure. Move victim to fresh air, if it can be done safely, and keep comfortable. If victim's breathing has stopped, perform artificial respiration. DO NOT perform mouth-to-mouth resuscitation if victim ingested or inhaled the substance; wash face and mouth before giving artificial respiration. Use a pocket mask equipped with a one-way valve or other proper respiratory medical device. Administer oxygen if victim's breathing is difficult or irregular. Get medical help.
<b>SKIN:</b>	Remove and isolate contaminated clothing, shoes, and leather goods immediately and take a shower. Rinse affected areas (skin) cautiously with non-abrasive soap or mild detergent and large amounts of running water. Wash contaminated clothing before reuse. Get medical help if irritation develops and persists.
<b>EYES:</b>	Rinse eyes IMMEDIATELY with clean running water for at least 15 minutes, while holding eyelids apart. Remove contact lenses after 5 minutes if present and easy to do. Continue rinsing while holding eyelids apart. Seek medical help if irritation continues.
<b>INGESTION:</b>	If swallowed, DO NOT induce vomiting, unless instructed to do so by poison control center or doctor. Get emergency medical help immediately. Never give anything by mouth to an unconscious person. If vomiting does occur, take every precaution to prevent vomit from entering airway.
<b>NOTE TO PHYSICIAN:</b>	There is no specific antidote. All treatments should be based on observed signs and symptoms of distress in the patient.
<b>POTENTIAL HEALTH EFFECTS, ACUTE AND DELAYED:</b>	Effects of exposure (inhalation, ingestion, or skin contact) to substance may be delayed.

## RESISTANCE WARNING

**For resistance management:** EcoTizer is a group code (BM 01) fungicide. Any fungal population may contain individuals naturally resistant to EcoTizer and other group code (BM 01) fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungal population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by EcoTizer or any other group code (BM 01) fungicides.

### To delay fungicide resistance:

- ▶ avoid exclusive repeated use of fungicides from the same chemical class code. Alternate or tank mix with registered products from different chemical class codes,
- ▶ for tank mixing or alternation with products in other chemical class codes, refer to applicable individual product labels,
- ▶ integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

## MODE OF ACTION

Clove oil is a plant extract; the target site is cell membrane/wall disruption and induction of the plants defence mechanism. Resistance against clove oil is not known.

## USE RESTRICTIONS

- ▶ Note that EcoTizer is not compatible with CitriCure®, Hypercide, Sporekill® and chlorine containing products.
- ▶ Adjust the pH in mixtures containing EcoTizer and ImazaCure 750 SG to pH 5 – 6.
- ▶ The pH of other mixtures with EcoTizer must be above pH 5,5.
- ▶ DO NOT treat the fruit for longer than 3 minutes.
- ▶ Maintain EcoTizer concentration at recommended rate and replace mixture when dirty.

## DIRECTIONS FOR USE – use only as directed

### **COMPATIBILITY:**

Although EcoTizer is generally compatible with \*CitriCure, Califix, Evolve 480 SC, ICA Thiabendazole 500 SC, ImazaCure 750 SG, Propicure 250 EC, Propirly 270 EC, Protector 400 SC, StrobiCure 250 SC and Teacher 230 SC, a physical compatibility test is always recommended prior to application as water quality differ. Note that EcoTizer is not compatible with CitriCure®, Hypercide, Sporekill® and chlorine containing products. Adjust pH in mixtures containing EcoTizer and ImazaCure 750 SG to pH 5 – 6. pH of other mixtures with EcoTizer must be above pH 5,5.

### **MIXING INSTRUCTIONS:**

Half fill the mixing tank with clean water. Shake the EcoTizer container thoroughly immediately before use and pre-mix the required volume in at least 10-liter water. Pre-mix any other product(s) to be tank mixed in the same way *separately*. While agitating the spray tank water, add the pre-mixed product(s) in the following sequence: wettable powders, water dispersible granules, suspension concentrates, emulsifying concentrates and soluble concentrates last. Top up the mixing tank with the required quantity clean water whilst agitating. Agitate constantly before and during application. DO NOT allow tank mixture to settle and do not leave the prepared mixture in the tank for any length of time, e.g., overnight, without agitation.

**APPLICATION TABLE**

CROP and DISEASE	DOSAGE	REMARKS
<p><b>CITRUS</b> Post-harvest treatment</p> <p><u>Sour rot:</u> Control of sour rot (<i>Galactomyces citri-aurantii</i>) postharvest decay occurring from water borne infections in the packhouse.</p> <p><u>Penicillium mould:</u> Suppression of <i>Penicillium digitatum</i> and <i>P. italicum</i> postharvest decay occurring from infections during harvest and water borne infections in the packhouse.</p>	<p align="center"><b><u>HIGH VOLUME POST-HARVEST APPLICATION</u></b></p> <p align="center">2 ℓ/100 ℓ water</p>	<p>Add <b>EcoTizer</b> to water used in drench, dump, spray-on fungicide or in-line-drench.</p> <p>Treat fruit for up to 3 minutes.</p> <p>Maintain <b>EcoTizer</b> concentration at recommended rate and replace mixture when dirty.</p> <p><b>EcoTizer</b> mixture can be heated to 35 °C – 40 °C.</p> <p><b>BEFORE ANY POSTHARVEST TREATMENTS, TAKE NOTE!</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>EcoTizer</b> may enhance visibility of existing rind damage on sensitive citrus fruit, which is caused by adverse environmental conditions and other predisposing conditions, pre- and during picking.</li> <li>• After treatment and pre-degreening of citrus fruit, treated fruit must dry off in a well-ventilated, low humidity area and stacking of bins, especially more than two bins should be avoided. Extended wetting periods (18 hours and longer) may result in rind damage.</li> </ul>

\*CitriCure (L6739), Evolve 480 SC (L10644), ICA Thiabendazole 500 SC (L7784), ImazaCure 750 SG (L7926), Propicure 250 EC (L9870), Propirly 270 EC (L9869), Protector 400 SC (L8606), StrobiCure 250 SC (L10557) and Teacher 230 SC (L9919) are products registered by ICA International Chemicals.

Citrifix (L9468) and Califix (L8301) are products registered by Erintrade CC t/a RT Chemicals.

SA-ECO-001

# EcoTizer

Wet Nr. 36 van 1947  
SA Reg. Nr. L11446

'n Emulgeerbare konsentraat kontak swamdoder vir die na-oes behandeling van sitrusvrugte. Hierdie swamdoder beheer watergedraagde suurvrot en help met die onderdrukking van *Penicillium*-bederf.

## AKTIEWE BESTANDDEEL:

Naeltjie olie (Eugenol) ..... 100 g/ℓ

## GEREGISTREER DEUR:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd. Reg. Nr. 2001/013319/07  
Plankenstraat 28 • Plankenbrug Industrieël • Stellenbosch • 7600 • Suid-Afrika  
Tel. +27-21 886 9812 • [www.icaonline.co.za](http://www.icaonline.co.za)

## WAARSKUWINGS

Mag dodelik wees indien ingesluk en in lugweg beland  
Mag allergiese velreaksie veroorsaak  
Veroorsaak ernstige oogirritasie

## ONTHOUDINGSPERIODES (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes/verbruik):

▶ *Sitrus* ..... 0 Dae

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes en toedieningsmetodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel word bestem is vir uitvoer, raadpleeg die betrokke in- of uitvoerder rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **EcoTizer** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **EcoTizer** moet eers getoets word op nuwe kultivars voordat dit oor groot areas aangewend word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMATREËLS

### Nie vir interne gebruik nie.

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.  
Hou buite bereik van kinders.  
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.  
Vermy die inaseming van stuifsel/dampe/spuitstof.  
Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.  
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.  
Was hande en gesig deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.  
INDIEN INGESLUK: Kry onmiddellik mediese noodhulp.  
INDIEN OP VEL: Was met baie water en seep.  
INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met speel.  
Vir spesifieke behandeling sien noodhulp afdeling op hierdie etiket.  
Moet NIE vomering induseer nie.  
Indien velirritasie of uitslag ontstaan: Kry mediese hulp.  
Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.  
Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.  
Berg agter slot en grendel.  
Raak ontslae van inhoud en houer in ooreenstemming met nasionale regulasies.

**SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG:** Keer die leë houer om oor 'n spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met skoon water, teen 'n kwart van die houer se volume, en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houer, waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word ([www.croplife.co.za](http://www.croplife.co.za)). Moenie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

### RELEVANTE STOWWE:

Naeltjie olie (Cas no: 8000-34-8) Vlambare Vloeistof Kategorie 3, H226; Inasemingsgevaar Kategorie 1, H304; Vel Allergie Kategorie 1, H317; Oogirritasie Kategorie 2, H319 (10 % m/v).  
Kaliumsorbaat (Cas no: 24634-61-5) Oogirritasie Kategorie 2, H319 (40 – 55 % m/v).

## NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van 'n ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

<b>INGEASEM:</b>	Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. MOENIE mond-tot-mond-asemhaling toepas indien die slagoffer die stof opgeneem of ingeasem het nie; was gesig en mond voordat kunsmatige asemhaling toegepas word. Gebruik 'n sakmasker toegerus met 'n eenrigtingklep of ander geskikte mediese asemhalingstoestel. Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Kry mediese hulp.
<b>VEL:</b>	Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort. Spoel aangetaste areas (vel) met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
<b>OË:</b>	Spoel oë ONMIDDELLIK met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
<b>OPNEMING:</b>	Indien ingesluk MOENIE vomering aanmoedig nie, tensy deur 'n gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen. Verkry onmiddellik mediese noodhulp. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie. Indien vomering wel voorkom, tref alle voorsorgmaatreëls om te verhoed dat dit die lugweg binnedring.
<b>NOTA AAN GENEESHEER:</b>	Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
<b>MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE, AKUUT EN VERTRAAGD:</b>	Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: **EcoTizer** is 'n groepkode (**BM 01**) swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **EcoTizer** of enige ander groepkode (**BM 01**) swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **EcoTizer** of enige ander groepkode (**BM 01**) swamdoders beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- ▶ vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes,
- ▶ raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes,
- ▶ integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

## WERKINGSWYSE

Naeltjie olie is 'n plantekstrak; die teiken is die selmembraan/wand-ontwrigting en die induksie van plante se verdedigingsmeganisme. Weerstand teen naeltjie olie is nie bekend nie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- Let daarop dat **EcoTizer** nie verenigbaar is met CitriCure®, Hypercide, Sporekill® en chloorbevattende produkte nie.
- In mengsels wat **EcoTizer** en ImazaCure 750 SG bevat moet die pH aangepas word tot pH 5 – 6.
- Die pH van ander mengsels met **EcoTizer** moet bo pH 5,5 wees.
- MOENIE die vrugte langer as 3 minute behandel nie.
- Handhaaf **EcoTizer**-konsentrasie teen aanbevole dosis en vervang mengsel wanneer dit vuil is.

## GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

### VERENIGBAARHEID:

Alhoewel **EcoTizer** oor die algemeen verenigbaar is met \*CitriCure, Califix, Evolve 480 SC, ICA Thiabendazole 500 SC, ImazaCure 750 SG, Propicure 250 EC, Propirly 270 EC, Protector 400 SC, StrobiCure 250 SC en Teacher 230 SC word 'n fisiese mengbaarheidstoets altyd aanbeveel voor toediening aangesien waterkwaliteit verskil. Let daarop dat **EcoTizer** nie verenigbaar is met CitriCure®, Hypercide, Sporekill® en chloorbevattende produkte nie. Pas die pH in mengsels wat EcoTizer en ImazaCure 750 SG bevat tot pH 5 – 6 aan. Die pH van ander mengsels met **EcoTizer** moet bo pH 5,5 wees.

### MENGINSTRUKSIES:

Maak mengtenk halfvol met skoon water. Skud die **EcoTizer** houër deeglik voor gebruik en meng die aanbevole hoeveelheid vooraf in ten minste 10 liter water. Meng enige ander produk(te) vooraf *afsonderlik* op dieselfde wyse voordat dit in die mengtenk gevoeg word. Terwyl die mengtenk geroer word voeg die vooraf gemengde produk(te) in die volgende volgorde by: benatbare poeiers, water oplosbare korrels, suspensie konsentrate, emulsifiseerde konsentrate en oplosbare konsentrate laaste. Vul mengtenk met skoon water tot by verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. Roer mengsel deeglik voor en deurgaans tydens toediening. Aangemaakte spuitmengsel MOENIE in die spuittenk gelaat word vir 'n onbepaalde tyd, bv. oornag, sonder dat dit nie deurgaans geroer word nie.

**TOEDIENINGSTABEL**

GEWAS en SIEKTE	DOSIS	AANBEVELINGS
<p><b>SITRUS</b> Na-oes behandeling</p> <p><u>Suurvrot:</u> Beheer van suurvrot (<i>Galactomyces citri-aurantii</i>) na-oes bederf wat veroorsaak word deur watergedraagde infeksies in die pakhuis</p> <p><u>Groen- en blouskimmel:</u> Onderdrukking van <i>Penicillium digitatum</i> en <i>P. italicum</i> na-oes bederf wat veroorsaak word deur infeksies gedurende oes en watergedraagde infeksies in die pakhuis</p>	<p align="center"><b><u>HOË VOLUME NA-OES AANWENDING</u></b></p> <p align="center">2 ℓ/100 ℓ water</p>	<p>Voeg <b>EcoTizer</b> by water wat gebruik word in dompel, drenk, aanspuit swamdoder of in-lyn-drenk.</p> <p>Behandel vrugte vir maksimum 3 minute.</p> <p>Handhaaf <b>EcoTizer</b> konsentrasie teen aanbevole dosis en vervang mengsel wanneer dit vuil is.</p> <p><b>EcoTizer</b> kan tot 35 °C – 40 °C verhit word.</p> <p><b>VOOR ENIGE NA-OES BEHANDELINGE, NEEM KENNIS!</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>EcoTizer</b> kan bestaande skilskade, veroorsaak deur ongunstige omgewingstoestande en ander predisponerende toestande voor en tydens pluk, op sensitiewe sitrusvrugte beklemtoon.</li> <li>• Na behandeling en ontgroening van sitrusvrugte, moet behandelde vrugte in 'n goed geventileerde, lae humiditeitsarea afdroog. Die stapel van kratte ("bins"), veral meer as twee kratte moet vermy word. Verlengde benattingsperiodes (18 uur en langer) kan skilskade tot gevolg hê.</li> </ul>

\*CitriCure (L6739), Evolve 480 SC (L10644), ICA Thiabendazole 500 SC (L7784), ImazaCure 750 SG (L7926), Propicure 250 EC (L9870), Propirly 270 EC (L9869), Protector 400 SC (L8606), StrobiCure 250 SC (L10557) en Teacher 230 SC (L9919) is geregistreerde produkte van ICA International Chemicals. Citrifix (L9468) en Califix (L8301) is geregistreerde produkte van Erintrade CC t/a RT Chemicals.

SA-ECO-001